wesizwe

**Wesizwe Platinum Beperk**

## Hoogtepunte

- Totale tonnemaat vir Pilanesbergprojek styg met 8,394 miljoen onse (11,4%) en totale PGE(4) onse styg met 10,7% tot 13,470 miljoen onse vir die tydperk 1 Januarie 2007 tot 30 Junie 2007
- Wesizwe se toeskryfbare Gemete, Aangeduide en Afgeleide hulpbronne styg met 19,3% tot 8,954 miljoen onse vir die tydperk onder oorsig
- Aansoek om 'n mynreg in Julie 2007 aan die Departement van Minerale en Energie voorgelê
- 3D geoseismiese opname in opdrag gegee en begin in Junie 2007
- Suksesvolle kapitaalverkryging van R196 miljoen gedurende tydperk onder oorsig
- Aandeelhouers magtig vermeerdering van aandelekapitaal om die Africa Wide Mineral Prospecting (Edms) Bpk-transaksie te befonds
- Wesizwe se Langtermyn-aansporingsplan en die Aandele-appresiasieregteskema op die algemene jaarvergadering op 16 Augustus 2007 goedgekeur

# NAGEGANE VERKORTE TUSSENTYDSE RESULTATE VIR DIE SES MAANDE GEËINDIG 30 JUNIE 2007

## VERKORTE GEKONSOLIDEERDE INKOMSTESTAAT

| | Groep Ses maande geëindig Junie 2007 Nagegaan R | Groep Ses maande geëindig Junie 2006 Ongeouditeer R | Groep Jaar geëindig Desember 2006 Geouditeer R |
|---|---|---|---|
| **Inkomste** | - | - | - |
| Administrasie-uitgawe | **(13 006 093)** | (6 528 795) | (20 772 173) |
| Aandelegebaseerde onkoste | **(54 300 000)** | - | - |
| Verlies met verkoop van nie-bedryfslaste | - | - | (470) |
| Depresiasie | **(122 314)** | (73 012) | (166 928) |
| **Verlies uit bedrywighede** | **(67 428 407)** | (6 601 807) | (20 939 571) |
| Finansieringsinkomste | **5 741 482** | 213 212 | 2 313 077 |
| Finansieringskoste | **(2 000)** | (165 857) | (875 688) |
| Verlies voor belasting | **(61 688 925)** | (6 554 452) | (19 502 182) |
| Inkomstebelasting-onkoste | - | - | - |
| **Verlies vir die tydperk/jaar** | **(61 688 925)** | (6 554 452) | (19 502 182) |
| Basiese verlies per aandeel (sent) | **(14,25)** | (1,84) | (5,29) |
| Verwaterde verlies per aandeel (sent) | **(14,25)** | (1,84) | (5,29) |

## VERKORTE GEKONSOLIDEERDE GROEPBALANSSTAAT

| | Groep Ses maande geëindig Junie 2007 Nagegaan R | Groep Ses maande geëindig Junie 2006 Ongeouditeer R | Groep Jaar geëindig Desember 2006 Geouditeer R |
|---|---|---|---|
| **BATES** | | | |
| **Nie-bedryfsbates** | **164 897 283** | **80 168 308** | **109 148 112** |
| Eiendom, aanleg en toerusting | **7 921 002** | 411 260 | 559 591 |
| Tasbare eksplorasie- en evaluerings-bates | **8 812 386** | - | - |
| Ontasbare eksplorasie- en evaluerings-bates | **147 727 513** | 79 410 666 | 108 152 139 |
| Omgewingsdeposito | **436 382** | 346 382 | 436 382 |
| **Bedryfsbates** | **177 959 042** | 9 640 141 | 63 965 412 |
| Ander ontvangbare rekenings | **10 981 393** | 2 299 278 | 3 797 428 |
| Kontant | **166 977 649** | 7 340 863 | 60 167 984 |
| **TOTALE BATES** | **342 856 325** | 89 808 449 | 173 113 524 |
| **EKWITEIT EN LASTE** | | | |
| **Kapitaal en reserwes** | **330 717 030** | 58 710 432 | 145 357 627 |
| Aandelekapitaal | **4 574** | 3 564 | 3 992 |
| Aandelepremie | **394 371 844** | 102 029 602 | 201 624 098 |
| Aandelegebaseerde betalingsreserwe | **55 030 000** | 730 000 | 730 000 |
| Opgehoopte verlies | **(118 689 388)** | (44 052 734) | (57 000 463) |
| **Nie-bedryfslaste** | **-** | 10 165 833 | - |
| Langtermyngedeelte van rentedraende lenings | **-** | 10 165 833 | - |
| **Bedryfslaste** | **12 139 295** | 20 932 184 | 27 755 897 |
| Handels- en ander betaalbare rekenings | **12 139 295** | 4 165 724 | 9 352 644 |
| Lopende gedeelte van rentedraende lenings | **-** | 16 766 460 | 18 403 253 |
| **TOTALE EKWITEIT EN LASTE** | **342 856 325** | 89 808 449 | 173 113 524 |

## VERKORTE GEKONSOLIDEERDE GROEPSTAAT VAN VERANDERINGS IN EKWITEIT

| | Aandele-kapitaal R | Aandele-premie R | Aandele-gebaseerde betalings-reserwe R | Opge-hoopte verlies R | Totaal R |
|---|---|---|---|---|---|
| **Saldo op 1 Januarie 2006** | **3 564** | **102 029 602** | **730 000** | **(37 498 281)** | **65 264 885** |
| Erkende inkomste en uitgawe vir die tydperk | - | - | - | (6 554 452) | (6 554 452) |
| **Saldo op 30 Junie 2006** | **3 564** | **102 029 602** | **730 000** | **(44 052 733)** | **58 710 433** |
| Aandelekapitaal-uitgifte | 428 | - | - | - | 428 |
| Premie op aandelekapitaal-uitgifte | - | 102 393 232 | - | - | 102 393 232 |
| Aandele-uitgifte-onkoste afgeskryf | - | (2 798 736) | - | - | (2 798 736) |
| Erkende inkomste en uitgawe vir die tydperk | - | - | - | (12 947 730 ) | (12 947 730) |
| **Saldo op 31 Desember 2006** | **3 992** | **201 624 098** | **730 000** | **(57 000 463)** | **145 357 627** |
| Aandelekapitaal-uitgifte | 582 | - | - | - | 582 |
| Premie op aandelekapitaal-uitgifte | - | 195 445 731 | - | - | 195 445 731 |
| Aandelegebaseerde onkoste | - | - | 54 300 000 | - | 54 300 000 |
| Aandele-uitgifte-onkoste afgeskryf | - | (2 697 985) | - | - | (2 697 985) |
| Erkende inkomste en uitgawe vir die tydperk | - | - | - | (61 688 925) | (61 688 925) |
| **Saldo op 30 Junie 2007** | **4 574** | **394 371 844** | **55 030 000** | **(118 689 388)** | **330 717 030** |

## VERKORTE GEKONSOLIDEERDE GROEPKONTANTVLOEISTAAT

| | Groep Ses maande geëindig Junie 2007 Nagegaan R | Groep Ses maande geëindig Junie 2006 Ongeouditeer R | Groep Jaar geëindig Desember 2006 Geouditeer R |
|---|---|---|---|
| **Kontantvloei deur bedryfs-aktiwiteite aangewend** | **(17 403 406)** | (6 155 840) | (16 103 904) |
| Finansieringskoste | **(2 000)** | (165 857) | (875 688) |
| Finansieringsinkomste | **5 741 482** | 213 212 | 2 313 077 |
| **Netto kontantuitvloei uit bedryfs-aktiwiteite** | **(11 663 925)** | **(6 108 485)** | **(14 666 515)** |
| **Kontantvloei deur beleggings-aktiwiteite aangewend** | | | |
| Verkryging van eiendom, aanleg en toerusting | **(7 483 725)** | (151 184) | (399 784) |
| Verkryging van ontasbare eksplorasie- en evalueringsbates | **(39 575 374)** | (9 166 507) | (38 514 524) |
| Verkryging van tasbare eksplorasie- en evalueringsbates | **(8 812 386)** | - | - |
| Toename in omgewingsdeposito's | **-** | - | (90 000) |
| Opbrengs met verkoop van eiendom, aanleg en toerusting | **-** | - | 5 884 |
| **Netto kontantuitvloei uit beleggings-aktiwiteite** | **(55 871 485)** | **(9 317 691)** | **(38 998 424)** |
| Kontantvloei uit finansieringsaktiwiteite | | | |
| Aandele uitgereik | **192 748 328** | - | 99 594 924 |
| (Afname)/toename in rente-draende lenings | **(18 403 253)** | 8 619 686 | 90 646 |
| **Netto kontantinvloei uit finansierings-aktiwiteite** | **174 345 075** | 8 619 686 | 99 685 570 |
| **Netto toename in kontant** | **106 809 665** | (6 806 490) | 46 020 631 |
| **Kontant aan die begin van die tydperk/jaar** | **60 167 984** | 14 147 353 | 14 147 353 |
| **Kontant aan die einde van die tydperk/jaar** | **166 977 649** | 7 340 863 | 60 167 984 |

## AANTEKENINGE BY DIE VERKORTE TUSSENTYDSE FINANSIËLE STATE

**Opstellingsgrondslag en rekeningkundige beleid**
Die verkorte tussentydse finansiële inligting vir die ses maande geëindig 30 Junie 2007 is ooreenkomstig die erkennings-, metings- en aanbiedings- en openbaarmakingsvereistes van IAS34 Tussentydse Finansiële Rapportering opgestel. Die rekeningkundige beleid is deurgaans in die hele Groep toegepas en stem ooreen met dié vir die jaar geëindig 31 Desember 2006.

**Finansiële resultate**
Die netto verlies vir die ses maande onder oorsig was R61,7 miljoen (vergeleke met 'n verlies van R6,6 miljoen vir die ooreenstemmende tydperk in 2006). Die netto verlies vir die tydperk behels administrasie-onkoste van R13,0 miljoen, aandelegebaseerde betalingsonkoste van R54,3 miljoen en depresiasie van R0,1 miljoen, teengewerk deur netto finansieringsinkomste van R5,7 miljoen.

Administrasie-onkoste het met R6,5 miljoen tot R13,0 miljoen toegeneem, vergeleke met die ooreenstemmende tydperk in 2006. Die verhoogde koste het hoofsaaklik betrekking op die uitbreiding van die Groep se kapasiteit om die BUS, kapitaalkonstruksie en die toekomstige betrokkenheid in die Western Bushveld gesamentlike onderneming te bestuur. Dié koste hou hoofsaaklik verband met die vestiging van uitvoerende personeel, die vergroting van die administratiewe kapasiteit en die indiensneming van meer tegniese en professionele personeel.

Die aandelegebaseerde betalingsonkoste hou verband met 'n IFRS2-aanpassing vir die spesifieke uitreiking van 30 miljoen aandele vir kontant aan Vunani Capital (Edms) Beperk, 'n finansiële instelling in swart besit. Op 8 Februarie 2007 is 'n onderlinge wedersydse begrip van die bepalings en voorwaardes van die uitgifte bereik. Die trefprys vir die uitgifte is op R3,36 vasgestel. Dit is bepaal deur 'n 10%-diskonto op die 30-dae volumegeweegde gemiddelde prys soos op 30 November 2006, toe aanvanklike samesprekings met Vunani gehou is, toe te pas. Die direksie van Wesizwe het op 29 November 2006 tot die prys ingestem. Die verskil tussen die billike waarde op die toekenningsdatum en die trefprys van R3,36 verteenwoordig 'n aandelegebaseerde betalingsonkoste. Die sluitingsprys op 8 Februarie 2007, wat die billike waarde verteenwoordig, van die Wesizwe-aandeel was R5,17.

As 'n eksplorasiegroep verdien Wesizwe nie inkomste uit mynaktiwiteite alvorens 'n myn met produksie begin nie.

Die basiese verlies per aandeel vir die tydperk was 14,25 sent per aandeel (Junie 2006: 1,84 sent per aandeel). Die wesensverlies per aandeel was 14,25 sent per aandeel (Junie 2006: 1,84 sent per aandeel). Die berekening van die basiese verlies per aandeel en wesensverlies per aandeel word gebaseer op die geweegde gemiddelde getal aandele van 432 839 111.

Geen dividend is gedurende die tydperk geëindig 30 Junie 2007 (Junie 2006: Nul) verklaar nie.

Geen segmentele verslag is opgestel nie omdat die Groep eksplorasie-aktiwiteite op een plek beoefen.

Eksplorasie- en evalueringsonkoste gekapitaliseer vir die tydperk onder oorsig het R39,6 miljoen bedra (vergeleke met R9,2 miljoen vir dieselfde tydperk in 2006); R8,8 miljoen is aan mynvestigingskoste bestee en R7,4 miljoen aan die verkryging van eiendom, masjinerie en toerusting.

Mynvestigingskoste hou verband met ingenieurs- en ontwerpkoste verbonde aan die kapitaalkonstruksie van die myn. Dit word as tasbare eksplorasie- en evalueringsbates op die balansstaat weerspieël. Eiendom, masjinerie en toerusting sluit R5 miljoen en R1,7 miljoen wat aan die verkryging van sekere toerusting en eiendom, onderskeidelik, bestee is in.

Eksplorasie- en evalueringsonkoste word in ooreenstemming met IFRS6: Eksplorasie na en evalueringsbates gekapitaliseer.

Gedurende Januarie 2007 is R18,4 miljoen aan Ledig Minerale Regte 909 JQ (Edms) Beperk, wat uit die koop van mineraalregte in 2004 ontstaan het, terugbetaal. Die Groep het tans geen lenings nie.

Die Groep het 58 168 372 aandele gedurende die tydperk onder oorsig uitgereik, wat R196 miljoen verkry het.

| Datum uitgereik | Getal aandele | Prys per aandeel (sent) |
|---|---|---|
| 30 Januarie 2007 | 28 168 372 | 336 |
| 2 Mei 2007 | 30 000 000 | 336 |

Die totale getal uitgereikte aandele op 30 Junie 2007 was 457 407 524 (Junie 2006: 356 366 659).

**Rekonsiliasie van netto verlies vir die tydperk met kontant deur bedrywighede aangewend**

| | Groep Ses maande geëindig Junie 2007 Nagegaan R | Groep Ses maande geëindig Junie 2006 Ongeouditeer R | Groep Jaar geëindig Desember 2006 Geouditeer R |
|---|---|---|---|
| **Verlies uit bedrywighede** | **(67 428 408)** | (6 601 807) | (20 939 571) |
| Aanpassing vir: | | | |
| Aandelegebaseerde betalings | 54 300 000 | - | - |
| Waardedaling | - | - | 606 544 |
| Depresiasie | 122 314 | 73 012 | 166 928 |
| Verlies met verkoop van vaste bates | - | | 470 |
| **Bedryfsverlies voor bedryfskapitaal-veranderings** | **(13 006 094)** | (6 528 795) | (20 165 629) |
| **Veranderings in bedryfskapitaal** | **(4 397 312)** | 372 955 | 4 061 725 |
| (Toename)/afname in ander ontvangbare rekenings | **(7 183 964)** | 1 854 730 | 356 580 |
| Toename/(afname) in handels- en ander betaalbare rekenings | **2 786 652** | (1 481 775) | 3 705 145 |
| **Kontant deur bedrywighede aangewend** | **(17 403 406)** | (6 155 840) | (16 103 904) |

Die volgende verwanteparty-transaksies is vir die tydperk onder oorsig aangegaan:

| Verwante party | Transaksietipe | Transaksie-bedrag R | Bedrag uitstaande R |
|---|---|---|---|
| Asset Liability Management (Edms) Beperk | Tesouriedienste | 138 215 | 66 178 |
| Bakubung Minerals (Edms) Beperk | Lening voorgeskiet | 52 086 784 | 162 044 308 |

'n Prestasiebonus van R0,9 miljoen is gedurende die tydperk onder oorsig aan die hoof uitvoerende beampte betaal.

Kapitaalverbintenisse op 30 Junie 2007 is soos volg:

| | |
|---|---|
| Kontrak vir 3D geoseismiese opname: | |
| Totale waarde van verbintenis | R35 436 263 |
| Min: Betalings sedert 30 Junie 2007 gedoen | R21 929 237 |
| Saldo van verbintenis | R13 507 016 |

**Latere gebeurtenisse**
Op 8 Augustus 2007 het die Groep 'n vyfjaar-huurooreenkoms vir kantoorhuur van ongeveer R7,5 miljoen aangegaan.

Op die algemene jaarvergadering wat op 16 Augustus 2007 gehou is, is die Wesizwe Langtermyn-aansporingsplan en die Aandele-appresiasieregteskema goedgekeur.

**Voorwaardelike aanspreeklikhede**
Op 16 Januarie 2007 het Gemini Pumps (Eiendoms) Beperk (Gemini) en die Maatskappy 'n verstandhoudingsmemorandum met betrekking tot die ongebruikte ou-orde-mynregte ten opsigte van eiendomme aangegaan, welke regte in Gemini se naam geregistreer is, wat die Maatskappy van Gemini wil verkry met die toekenning van nuwe-orde-prospekteerregte kragtens die Wet op die Ontwikkeling van Mineraal- en Petroleumhulpbronne.

Ingevolge die verstandhoudingsmemorandum sou die Maatskappy R80 000 aan Gemini betaal (op die datum waarop hierdie verslag geskryf is, is dié bedrag aan Gemini betaal), R120 000 met registrasie van die prospekteerregte op naam van die Maatskappy se filiaal, Bakubung Minerals (Eiendoms) Beperk, en R650 000 met die kruising van Merensky-rif op die eiendomme, en dié bedrag gaan verdubbel word indien dit op 'n diepte van minder as 1 000 meter onder die oppervlak plaasvind, en R650 000 met die insluiting van die eiendomme in 'n gebied wat deur óf die Maatskappy óf Bakubung ontgin gaan word.

**Onafhanklike ouditeur se verslag**
KPMG Geïnk., die Groep se onafhanklike ouditeur, het die verkorte gekonsolideerde tussentydse resultate wat in hierdie verslag vervat word, nagegaan en het 'n ongekwalifiseerde nagaanmening uitgespreek. Die verslag is by die Maatskappy se geregistreerde kantoor ter insae beskikbaar.

**Direksie**
Daar was geen verandering vir die tydperk onder oorsig nie.

**Aanspreeklikheidsontkenning: Vooruitverklarings**
Sekere verklarings wat in hierdie verslag ingesluit word, maak "vooruitverklarings" uit, wat geensins winsvoorspellings of -ramings, soos deur die Noteringsvereistes van die JSE gedefineer, is nie. Sodanige vooruitverklarings behels bekende en onbekende risiko's, onsekerhede en ander faktore wat kan veroorsaak dat die werklike resultate, werkverrigting of prestasie van Wesizwe, of van die platinummynbedryf, wesenlik verskil van toekomstige resultate, werkverrigting of prestasies wat deur daardie vooruitverklarings uitgedruk of geïmpliseer word. Wesizwe is onderhewig aan die uitwerking van veranderings in die pryse van platinumgroepmetale, wisselkoerse en die risiko's verbonde aan mynbedrywighede.

***Kommentaar – Mike Solomon, Hoof uitvoerende beampte***
"Gedurende die eerste ses maande van 2007 het Wesizwe progressief gevorder in die rigting van die formalisering van sy visie om voort te bou op die suksesvolle ontwikkeling van sy Frischgewaagd-Ledig-kernprojek deur dié bate te gebruik om die Groep uit te brei deur middel van 'n waardeaanwassende samesmelting- en verkrygingstrategie. Wesizwe het ook nog altyd verklaar dat dít so ver moontlik bewerkstellig sal word deur die werwing van direkte belegging deur swart instellings en individue en die sluiting van skeppende transaksies met ander maatskappye in swart besit wat kenmerkende en tasbare sinergieë met Wesizwe het.

Na die bekendmaking van die positiewe resultate van die vooruitvoerbaarheidstudie in Maart 2007 en die groen lig om voort te gaan met die bankbare uitvoerbaarheidstudie (BUS) het Wesizwe onmiddellik in April sy eerste kaart gespeel. Die Groep het 'n bindende ooreenkoms met Africa Wide aangegaan om sy totale uitgereikte aandelekapitaal deur die uitreiking van 62 022 901 aandele te verkry. Die verkryging, sodra opskortende voorwaardes nagekom is, is 'n groot bemagtigingstransaksie in die platinumsektor. Wesizwe is besig met die finalisering van die laaste van die opskortende voorwaardes en verwag dat die transaksie binnekort gesluit sal word.

Die transaksie sal 26% in die naburige Western Bushveld gesamentlike onderneming met Anglo Platinum en Platinum Group Metals aan Wesizwe besorg en sy hulpbronbasis met 3,5 miljoen onse vergroot. Dit sal ook die Groep se swartbemagtigingstatus tot 52,7% verhoog.

Die kapasiteit van die Wesizwe-span word voortdurend verstewig deur die skepping van senior poste en meer sleutelaanstellings wat in die nabye toekoms gedoen gaan word. Die goedkeuring van die Wesizwe Langtermyn-aansporingsplan en die Wesizwe Aandele-appresiasieregteskema deur aandeelhouers op die algemene jaarvergadering op 16 Augustus 2007 is belangrik in hierdie werwingsaksie, omdat die skemas die Groep van verdere hefboomwerking sal voorsien om talent aan te trek en te behou en institusionele, finansiële en tegniese kapasiteit te verstewig.

Die toename in besteding vir die tydperk onder oorsig, vergeleke met die ooreenstemmende tydperk verlede jaar, is toeskryfbaar aan die Groep se verder versnelde boorprogram, die bankbare uitvoerbaarheidstudie, gereedmaking vir kapitaalkonstruksie en personeelvoorsieningskapasiteit. Die versnelde boorprogram het verdere gunstige boorresultate aan die einde van Junie 2007 opgelewer. Toeskryfbare onse het met 19,31% tot 8,954 miljoen onse toegeneem en die totale mineraalhulpbron was hoër op 13,470 miljoen onse. Dit is beduidend dat dié toeskryfbare onse nie die 3,5 miljoen onse wat tot die Wesizwe-hulpbronvoorraad toegevoeg sal word wanneer die Africa Wide-transaksie gefinaliseer is, insluit nie.

Aan die finansiële kant bedra privaat plasings wat gedurende die tydperk gedoen is in totaal R196 miljoen, wat Wesizwe in 'n sterk posisie plaas om die projek regdeur die 3D geoseismiese opname en die bankbare uitvoerbaarheidstudie te voer. Die bankbare uitvoerbaarheidstudie bly op koers vir lewering in die eerste kwartaal van 2008. Die projekkoste bly bevredigend en binne die begrotingsteikens.

Daarbenewens is Wesizwe se aansoek om 'n mynreg in Julie 2007 aan die Departement van Minerale en Energie voorgelê, wat nog 'n lewerbare faktor in ons vordering tot kapitaalkonstruksie in 2008 is."

**Eksplorasieprogram**
Die invulboorprogram vir die Pilanesbergprojek is goed op dreef om die vertroue van die Merensky- en UG2-rifmineraalhulpbronne van Afgelei na Aangedui en van Aangedui na Gemeet volgens SAMREC (Suid-Afrikaanse Kode vir die Rapportering van Mineraalhulpbronne en Mineraalreserwes) te verhoog.

Sedert die vorige verslagtydperk is altesaam 48 591 meter kern geboor (hoofboorgat-meter geboor: 40 061 en defleksie-meter geboor: 8 529). Een en vyftig hoofboorgate en 125 defleksies is voltooi. Gedurende die verslagtydperk is 14 boormasjiene op die plaas Ledig 909 IQ ontplooi en aan die einde van die verslagtydperk was daar 12 boormasjiene in die veld.

| Opsomming van resultate | Tydperk onder oorsig (Januarie 2007 tot Junie 2007) |
|---|---|
| Metres geboor | 48 591 |
| Boorgate voltooi | 51 |
| Defleksies | 125 |
| Boormasjiene in bedryf | 14 |
| | (12 einde Junie 2007) |

In hierdie verslagtydperk was die eksplorasieprogram toegespits op grond wat onderlê word deur die normale Merensky-rif-fasiesgebied wat hoofsaaklik op Frischgewaagd 96 JQ Gedeelte 11 en Ledig 909 JQ Gedeeltes 1, 4, 5 en 6 op 'n benaderde rooster van 250 meter voorkom. Die defleksieboorwerk ten opsigte van die boorgate in dié gebied, wat 'n bydraende faktor was wat die verkryging van mineraalhulpbronne in sommige gebiede in die Aangeduide kategorie beperk het, is ook nou afgehandel.

Die bygewerkte mineraalhulpbronne vir die Pilanesbergprojek word in onderstaande tabel getoon.

| Ertsliggaam | Hulpbrontipe | Tonnemaat (M) | PGE(4) (g/t) |
|---|---|---|---|
| Merensky-rif | Gemeet | 4,539 | 5,70 |
| **Totaal** | **Gemeet** | **4,539** | **5,70** |
| Merensky-rif | Aangedui | 15,275 | 6,06 |
| UG2-rif | Aangedui | 16,698 | 4,54 |
| **Totaal** | **Aangedui** | **31,973** | **5,26** |
| Merensky-rif | Afgelei | 16,790 | 5,72 |
| UG2-rif | Afgelei | 28,798 | 4,47 |
| **Totaal** | **Afgelei** | **45,588** | **4,93** |

'n Oorhoofse tonnemaat-toename sedert Desember 2006 van 8,395 miljoen ton in die mineraalhulpbrongebied is geïdentifiseer. Geostatistiek is op die boorgegewens toegepas en die "kriging"-variansies, blokvariansies en blokramingsfoute sowel as fasiesgrensvertroue is by die klassifisering van die mineraalhulpbronne gebruik. Die oorhoofse Gemete en Aangeduide mineraalhulpbronne het met 5,898 miljoen ton, toeskryfbaar aan die Merensky-rif, toegeneem.

Die 6,244 miljoen onse in die kategorieë Aangedui en Gemeet maak die projek se eerste 25 jaar van produksie moontlik. Die projek het die punt bereik waar die ekonomiese geologie definitief die kritieke massa vir die lewensvatbare mynentiteit wat in die vooruitvoerbaarheidstudie beskryf word, steun.

**Boorresultate**
Onderstaande tabel toon die opsommingsresultate vir die totale geraamde mineraalhulpbronne vir die Pilanesbergprojek op 30 Junie 2007.

**Gemiddelde gegewens vir die Merensky- en UG2-rif uit die Datamine-model**

| Parameter | Normaal | Enkel chromitiet | Normale vloer | Los | Normale UG2 | Streek-maalgat UG2 |
|---|---|---|---|---|---|---|
| PGE(4)-graad (g/t) | 6,03 | 5,62 | 7,00 | 5,60 | 4,32 | 4,66 |
| Gemiddelde dikte (m) | 1,44 | 1,58 | 1,74 | 1,15 | 1,31 | 1,64 |
| Gemiddelde SG (t/m³) | 3,23 | 3,09 | 3,15 | 3,24 | 3,85 | 3,68 |
| Pt-graad (g/t) | 3,88 | 3,64 | 4,69 | 3,70 | 2,63 | 2,82 |
| Pd-graad (g/t) | 1,63 | 1,47 | 1,84 | 1,40 | 1,20 | 1,29 |
| Rh-graad (g/t) | 0,28 | 0,27 | 0,25 | 0,26 | 0,45 | 0,45 |
| Au-graad (g/t) | 0,24 | 0,24 | 0,22 | 0,23 | 0,02 | 0,05 |
| Cu-graad (g/t) | 0,08 | 0,07 | 0,04 | 0,07 | - | - |
| Ni-graad (g/t) | 0,25 | 0,16 | 0,11 | 0,20 | 0,13 | 0,13 |
| Pt-% van edelmetale | 64,34% | 64,78% | 67,01% | 66,18% | 60,80% | 60,60% |
| Pd-% van edelmetale | 27,07% | 26,10% | 26,31% | 25,07% | 27,84% | 27,70% |
| Rh-% van edelmetale | 4,65% | 4,83% | 3,58% | 4,62% | 10,51% | 9,74% |
| Au-% van edelmetale | 3,94% | 4,29% | 3,10% | 4,13% | 0,39% | 1,02% |

**Mineraalhulpbronraming volgens riftipe en -klas**

| Klassifikasie | Erts-liggaam | Fasies | Hulpbron oppervlak ($m^2$) | Hulpbron tonnemaat (Mt) | PGE(4) (g/t)* | PGE Moz | Dikte (m) |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Totaal Gemeet** | | | **915,938** | **4,539** | **5,70** | **0,832** | **1,53** |
| | Merensky | | 915,938 | 4,539 | 5,70 | 0,832 | 1,53 |
| | | Normaal | 915,938 | 4,539 | 5,70 | 0,832 | 1,53 |
| **Totaal Aangedui** | | | **6,155,156** | **31,973** | **5,26** | **5,412** | **1,47** |
| | Merensky | | 3,251,250 | 15,275 | 6,06 | 2,976 | 1,48 |
| | | Normaal | 2,201,250 | 9,917 | 6,19 | 1,975 | 1,39 |
| | | Enkel chromitiet | 1,050,000 | 5,357 | 5,81 | 1,001 | 1,65 |
| | UG2 | | 2,903,906 | 16,698 | 4,54 | 2,436 | 1,46 |
| | | Normaal | 1,586,250 | 8,418 | 4,44 | 1,201 | 1,38 |
| | | Streek-maalgat | 1,317,656 | 8,280 | 4,64 | 1,235 | 1,71 |
| **Totaal Afgelei** | | | **9,438,281** | **45,587** | **4,93** | **7,226** | **1,37** |
| | Merensky | | 4,090,313 | 16,790 | 5,72 | 3,089 | 1,29 |
| | | Normaal | 150,938 | 0,713 | 5,91 | 0,135 | 1,46 |
| | | Enkel chromitiet | 794,531 | 3,677 | 5,34 | 0,631 | 1,50 |
| | | Los | 2,776,406 | 10,384 | 5,60 | 1,868 | 1,15 |
| | | Normaal Vloer | 368,438 | 2,015 | 7,00 | 0,454 | 1,74 |
| | UG2 | | 5,347,969 | 28,798 | 4,47 | 4,137 | 1,43 |
| | | Normaal | 2,782,500 | 13,670 | 4,24 | 1,864 | 1,28 |
| | | Streek-maalgat | 2,565,469 | 15,128 | 4,67 | 2,273 | 1,60 |
| **Alles** | | | | | | | |
| | **Merensky** | **Alles** | **8,257,500** | **36,604** | **5,86** | **6,897** | **1,39** |
| | **UG2** | **Alles** | **8,251,875** | **45,496** | **4,49** | **6,573** | **1,44** |
| | **Alles** | **Alles** | **16,509,375** | **82,100** | **5,10** | **13,470** | **1,42** |

* Platinumgroep-elemente bestaande uit platinum, palladium, rodium en goud.

**Mineraalhulpbronraming volgens plaas, klas en riftipe met toeskryfbare PGE(4) onse**

| Plaas | Hulpbron-klas | Erts-liggaam | Hulpbron Ton (M) | PGE (g/t) | PGE(4) oz (M) | Toeskryf-baar % | Toeskryf-bare PGE(4) oz (M) |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Frischgewaagd 1** | | | **0,683** | **5,00** | **0,110** | **100%** | **0,110** |
| | Aangedui | | 0,026 | 5,60 | 0,005 | | 0,005 |
| | | Merensky | 0,026 | 5,60 | 0,005 | | 0,005 |
| | | UG2 | 0,000 | | 0,000 | | 0,000 |
| | Afgelei | | 0,657 | 4,98 | 0,105 | | 0,105 |
| | | Merensky | 0,277 | 5,41 | 0,048 | | 0,048 |
| | | UG2 | 0,380 | 4,66 | 0,057 | | 0,057 |
| **Frischgewaagd 11#** | | | **37,472** | **5,25** | **6,325** | **50%** | **3,163** |
| | Gemeet | | 4,539 | 5,70 | 0,832 | | 0,416 |
| | | Merensky | 4,539 | 5,70 | 0,832 | | 0,416 |
| | Aangedui | | 23,219 | 5,24 | 3,909 | | 1,955 |
| | | Merensky | 10,235 | 6,13 | 2,019 | | 1,009 |
| | | UG2 | 12,984 | 4,53 | 1,890 | | 0,945 |
| | Afgelei | | 9,714 | 5,07 | 1,584 | | 0,792 |
| | | Merensky | 2,676 | 6,11 | 0,526 | | 0,263 |
| | | UG2 | 7,039 | 4,68 | 1,058 | | 0,529 |
| **Frischgewaagd 3#** | | | **0,462** | **4,65** | **0,069** | **50%** | **0,035** |
| | Aangedui | | 0,000 | | 0,000 | | 0,000 |
| | | Merensky | 0,000 | | 0,000 | | 0,000 |
| | | UG2 | 0,000 | | 0,000 | | 0,000 |
| | Afgelei | | 0,462 | 4,65 | 0,069 | | 0,035 |
| | | Merensky | 0,203 | 5,14 | 0,034 | | 0,017 |
| | | UG2 | 0,258 | 4,26 | 0,035 | | 0,018 |
| **Frischgewaagd 4#** | | | **16,490** | **5,00** | **2,649** | **50%** | **1,325** |
| | Aangedui | | 1,909 | 4,76 | 0,292 | | 0,146 |
| | | Merensky | 1,191 | 5,14 | 0,197 | | 0,098 |
| | | UG2 | 0,719 | 4,14 | 0,096 | | 0,048 |
| | Afgelei | | 14,581 | 5,03 | 2,357 | | 1,178 |
| | | Merensky | 6,083 | 5,74 | 1,123 | | 0,561 |
| | | UG2 | 8,498 | 4,52 | 1,234 | | 0,617 |

**Mineraalhulpbronraming volgens plaas, klas en riftipe met toeskryfbare PGE(4) onse**

| Plaas | Hulpbron-klas | Erts-liggaam | Hulpbron Ton (M) | PGE (g/t) | PGE(4) oz (M) | Toeskryf-baar % | Toeskryf-bare PGE(4) oz (M) |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Ledig 1** | | | **16,306** | **4,84** | **2,535** | **100%** | **2,535** |
| | Aangedui | | 0,000 | | 0,000 | | 0,000 |
| | | Merensky | 0,000 | | 0,000 | | 0,000 |
| | | UG2 | 0,000 | | 0,000 | | 0,000 |
| | Afgelei | | 16,306 | 4,84 | 2,535 | | 2,535 |
| | | Merensky | 6,778 | 5,60 | 1,219 | | 1,219 |
| | | UG2 | 9,529 | 4,30 | 1,316 | | 1,316 |
| **Ledig 2** | | | **10,685** | **5,20** | **1,787** | **100%** | **1,787** |
| | Aangedui | | 6,819 | 5,50 | 1,205 | 1,205 | |
| | | Merensky | 3,823 | 6,15 | 0,756 | | 0,756 |
| | | UG2 | 2,995 | 4,67 | 0,449 | | 0,449 |
| | Afgelei | | 3,867 | 4,68 | 0,581 | | 0,581 |
| | | Merensky | 0,773 | 5,60 | 0,139 | | 0,139 |
| | | UG2 | 3,094 | 4,45 | 0,442 | | 0,442 |
| **Totale** | **Alles** | **Alles** | **82,099** | **5,11** | **13,475** | **66%*** | **8,954** |

# Oorblywende 50% besit deur Western Bushveld gesamentlike onderneming (Anglo Platinum, PTM en Africa Wide)

* Sodra opskortende voorwaardes ten opsigte van die Africa Wide-transaksie nagekom is, sal Wesizwe se toeskryfbare aandeel tot 71% toeneem.

**Bevoegde persoon se verslag**

Bostaande onafhanklike mineraalhulpbronramings is in ooreenstemming met die SAMREC-kode opgestel en sluit die boorresultate vir sowel die Merensky- as die UG2-rif op die gelyste plase in. Die bevoegde persoon, mnr D R Young, 'n direkteur van Mineral Corporation Consultancy (Eiendoms) Beperk, het 'n verslag uitgereik wat sy Bevoegde Persoon se Verslag wat op 5 November 2005 uitgereik is, bywerk.

Mnr Young se kwalifikasies is BSc (Hons), FAusIMM, Pr Sci Nat en sy sakeadres is Homestead Office Park, Homesteadlaan 65, Bryanston 2021.

**Pilanesbergprojek: Tydtafel vir eksplorasie-aktiwiteite**

Daar word verwag dat die resultate van die BUS teen die einde van die eerste kwartaal van 2008 gepubliseer sal word. Dit sal die begin van die laaste fase (fase 5) van die eksplorasieprogram vir die Pilanesbergprojek inlui.

Fase 1 Stig Groep, ontdekkingsboorwerk (met sukses afgehandel)

Fase 2 Bepaal Afgeleide Hulpbron; noteer maatskappy op JSE Beperk (met sukses afgehandel)

Fase 3 Skuif Mineraalhulpbron van Afgeleide na Aangeduide kategorie en begin met vooruitvoerbaarheidstudie (met sukses afgehandel)

Fase 4 Skuif Mineraalhulpbron van Aangeduide na Gemete kategorie en gee opdrag vir 'n BUS (tans aan die gang)

Fase 5 Kapitaalkonstruksie en mynontwikkeling

Wesizwe verwag dat fase 5 gedurende die tweede kwartaal van 2008 sal begin. In die lig hiervan het Wesizwe 'n bestuurdedienste-tipe kontrak met Murray & Roberts Cementation onderteken en hy het ook kritieke items met lang lewertye verseker.

**Befondsing en lopende onderneming**

Wesizwe se direksie is tevrede dat die Groep toereikende fondse het om sy eksplorasie-aktiwiteite ten opsigte van die Pilanesbergprojek af te handel. Soos op 14 Augustus 2007 het die Groep huidige kontantmiddele ten bedrae van R135 miljoen gehad en besteding tot op hede is ruim binne die begrote teikens.

Op die algemene jaarvergadering wat op 16 Augustus 2007 gehou is, is besluit dat 15% van die Groep se uitgereikte aandelekapitaal onder die beheer van die direkteure gestel word. Daar is voorts besluit dat die direkteure gemagtig word om aandele vir kontant toe te ken aan ander persone as huidige aandeelhouers tot hoogstens 15% van die Groep se uitgereikte aandelekapitaal.

Met die oog op die handhawing van sy SEB-status het Wesizwe onderhandelinge aangeknoop met 'n SEB-maatskappy wat aangedui het dat hy belang stel om aandele ter waarde van tot R100 miljoen in Wesizwe teen 'n 10%-diskonto op die laaste 30-dae volumegeweegde gemiddelde aandeleprys op te neem. Dit is 'n aanvangsdeel van die SEB-maatskappy se beoogde strategiese belegging in Wesizwe.

Die Groep het 'n versoek om voorstel (VOV) aan tien finansiële instellings gerig om as leierreëlingsbank vir die befondsing van fase 5 van die Pilanesbergprojek op te tree. Die befondsing sal 'n kombinasie van skuld en ekwiteit wees.

Geteken namens die direksie

**TE Skweyiya (Mev)**
*Voorsitter*

**MH Solomon**
*Hoof uitvoerende beampte*

Johannesburg
7 September 2007

**Borg:**
Investec Bank Limited

**Direkteure:** TE Skweyiya[1] (Mev) *(Voorsitter)*, MH Solomon *(Hoof uitvoerende beampte)*, RG Rainey[2], WM Eksteen[2], L Maloney[1] (Mev), ME Monnakgotla[1], DJ Phologane[1], JC Williams[1]
*([1]NNe-uitvoerende [2]Onafhanklik nie-uitvoerend)*

**Maatskappysekretaris:** Routledge Modise Attorney

**Geregistreerde kantoor:** Tweede Verdieping, AMB Capital, Frickerweg 18, Illovo 2196

**Beleggerverhoudingsnavrae aan:**
**College Hill**
Nick Williams: Telefoon + 27 11 447 3030

**Wesizwe Platinum Beperk**
Melanie Low: Telefoon + 27 11 215 2375

**Webwerf:** http://www.wesizwe.com

**Wesizwe Platinum Beperk**
(In die Republiek van Suid-Afrika geïnkorporeer)
(Registrasienommer: 2003/020161/06)
JSE-kode: WEZ ISIN: ZAE000075859
(die "Maatskappy" of "Wesizwe")

motiv